**HOËRSKOOL LADYBRAND**

**LADYBRAND HIGH SCHOOL**


110
Ladybrand
9745

051 161 0202

admin@ladybrandhighschool.net
finance@ladybrandhighschool.net


## ALGEMENE SKOOLDRAG EN SKOOLREëLS

### 1. INLEIDING

1.1. Die doel van die reëls in ‘n skool is om leerders veilig te laat voel en orde te handhaaf.
1.2. Die dissipline en pligsgetrouheid van die leerders in ons skool is vir ons belangrik omdat dit die basis van goeie opvoeding en onderrig is.
1.3. Ten opsigte van nakoming en neerlê van skoolreëls moet die volgende norm altyd geld:
MOENIE AAN IEMAND ANDERS DOEN WAT JY NIE AAN JOUSELF GEDOEN WIL HÊ NIE.

### 2. SKOOLREËLS

**2.1.1 Terrein, geboue en eiendom**

2.1.a Die strooi van enige vorm van rommel binne die geboue en op die terrein is verbode.
2.1.b Geen balspele word naby die geboue, op die stoepe of in die klaskamers toegelaat nie.
2.1.c Leerders mag nie naby of tussen geparkeerde voertuie beweeg, loop of speel nie.
2.1.d Leerders mag nie in die blombeddings loop, teen drade hang of op hekke ry nie.
2.1.e Leerders mag nie moedswillig toerusting of geboue verniel of beskadig nie. Indien ‘n leerder moedswillig skooleiendom beskadig of breek, sal die leerder se ouer verantwoordelik gehou word vir skadevergoeding.
2.1.f Daar mag nie op meubels of mure geskryf of gekrap word nie.
2.1.g Geen leerders mag in die skoolsaal wees sonder toesig nie.
2.1.h Geen spelery word op die stoepe, trappe en in die kleedkamers toegelaat nie.
2.1.i Geen leerder mag op die stoepe hardloop nie.
2.1.j Leerders mag mekaar nie stamp, stoot of enige fisiese leed / skade aandoen nie.
2.1.k Leerders mag nie met hulle fietse op die skoolterrein ry nie.
2.1.l Niemand mag die terrein gedurende pouses of skoolure verlaat nie.
2.1.m Ouers wat leerders kom haal, moet hulle by die kantoor uitteken.
2.1.n Geen ouers word in skoolure in klaskamers toegelaat nie.

**2.2 Klaskamerreëls**

2.2.a Klasreëls moet gehoorsaam word.
2.2.b Geen leerder mag in die klaskamers speel of op stoele of tafels staan nie.
2.2.c Leerders moet gehoorsaam wees en opdragte van die opvoeder moet uitgevoer word.

Parafeer: ________________

2.2.d Geen leerder mag sonder toesig pouses in die klaskamers wees nie.
2.2.e Klaskamers moet in ‘n netjiese toestand gelaat word.
2.2.f Elektroniese apparate mag slegs onder toesig hanteer word.
2.2.g ‘n Stoel mag nie onder ‘n leerder uitgeruk word nie.
2.2.h Geen leerder mag op ‘n stoel ry nie.
2.2.i Alle huiswerk moet in ‘n dagboek afgeskryf word.
2.2.j Indien ‘n onderwyser afwesig is uit die klas en leerders om een of ander rede sonder toesig is, sal ‘n VRL-lid toesig hou.
2.2.k Elke onderwyser mag addisionele klaskamerreëls hê wat duidelik teen die mure sigbaar is.
2.2.l Geen leerder mag die klas verlaat sonder toestemming van die onderwyser nie.

**2.3 Klaswisseling**

2.3.a Klaswisseling moet stil, vinnig en ordelik geskied.
2.3.b Leerders mag nie tydens klaswisseling op stoepe loop en gesels nie.
2.3.c Leerders mag nie tydens klaswisseling die toilette of ander personeel besoek nie.

**2.4.1 Mediese aangeleenthede**

2.4.a Geen medikasie mag sonder ń ouer se toestemming aan leerders gegee word nie.
2.4.b Sou ‘n leerder ‘n besering opdoen, kan hy/sy na die kantoor gaan vir noodhulp.
2.4.c Indien ‘n leerder ernstig siek of beseer is, moet die ouers onmiddellik geskakel word.
2.4.d Geen leerder sal in die siekeboeg wees sonder toestemming van die hoof of onderwyser nie.
2.4.e Slegs administratiewe personeel of onderwysers mag ouers skakel indien ‘n leerder siek is. Geen leerder/s mag ‘n ouer persoonlik kontak gedurende skooltyd nie. Die administratiewe kantoor se foon is vir hierdie doel.
2.4.f Sou ‘n leerder swanger wees of vermoed dat sy is, moet sy of haar ouers die skool onmiddellik in kennis stel.

**2.5 Telefoongebruik**

2.5.a Leerders mag die skooltelefoon vir noodgevalle gebruik indien nodig.
2.5.b Sover moontlik, word oproepe gedurende pouses gemaak.
2.5.c Geen selfone mag in skooltyd gebruik word nie. Elektroniese toestelle mag by die kantoor ingegee word of op eie risiko in tasse gehou word. Selfone wat in skoolure gebruik word, sal ingeneem word sodat ouers dit kan kom haal.

**2.6 Skoolbywoning**

2.6.a Alle kinders is skoolpligtig tot die ouderdom van 15 jaar volgens artikel 3 van die Suid Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 (soos gewysig). Ouers/Voogde sal boetes opgelê word deur die Departement van Onderwys as leerders sonder rede by die huis bly.
2.6.b Volgens die Suid Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 (soos gewysig) asook artikel 3(4)(i) en 5 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Nr. 27 van 1996 (“NEPA”), die volgende: Indien ‘n leerder vir 10 dae aaneenlopend afwesig is, sonder enige wettige dokumentasie om sodoende afwesigheid te staaf, behou die skool die reg voor om die leerder van die skoolrol te verwyder.

2.6.c Ouers moet die skool kontak indien ‘n leerder siek is. Wanneer ‘n leerling langer as drie dae afwesig is, moet ouers ‘n mediese sertifikaat inhandig.
2.6.d Wanneer ‘n leerder ‘n eksamen of toets mis, moet hy/sy die nodige stawende dokuentasie inhandig.

**2.7 Afkondigings**

2.7.a Tydens afkondigings moet alle take gestaak word sodat daar in stilte na afkondigings geluister kan word.

**2.8 Handboeke**

2.8.a Handboeke moet te alle tye opgepas en netjies gehou word. Indien dit deur die skool verskaf is, bly dit die skool se regmatige eiendom.
2.8.b Handboeke moet met ‘n dik plastiek oorgetrek word. Geen kleefplastiek sal op handboeke toegelaat word nie. Verlore en/of beskadigde handboeke moet deur die leerder betaal/vervang word.

**2.9 Besitreg/Eienaarskap**

2.9.a Respek vir die eiendom van ander is ‘n basiese beginsel en daar word van leerders verwag om daarvolgens op te tree.
2.9.b Diefstal van enige aard word beskou as ‘n ernstige oortreding, en die strengste sanksies sal, ná skuldigbevinding, toegepas word.
2.9.c Leerders word aangemoedig om enige ongerymdhede onmiddellik by die kantoor aan te meld.

**2.10 Pouses/Reëls voor aanvang van skool soggens/Reëls ná skool.**

2.10.a Leerders mag nie speel waar enige motors, scooters, motorfietse en fietse geparkeer staan, gedurende pouses nie. Sien reël 2.1.c
2.10.b Leerders mag nie tydens skooltyd (wat pouses insluit) op die skoolgrond of die sportterrein kommunikeer met persone wat nie deel van LHS is nie.
2.10.c Die vorming van groepies by die badkamers gedurende skooltyd, word verbied
2.10.d Seuns en dogters word toegelaat om met mekaar te kommunikeer op ‘n wyse wat vir almal aanvaarbaar is. Kommunikasie tussen seuns en dogters moet nooit ‘n verleentheid skep nie.
2.10.e Geen gevaarlike speletjies sal op die skoolterrein toegelaat word nie en leerders mag nie voorwerpe vir mekaar gooi nie.
2.10.f Klappers, vuurwerke en harde geskree sal nie toegelaat word nie.
2.10.g Skaatsplanke sal nie gedurende skoolure toegelaat word nie.
2.10.h Verbode areas/terrein mag nie gedurende skoolure (wat pouses insluit) betree word nie.
2.10.i Alle skoolreëls is van toepassing wanneer leerders deur die skool vervoer word.
2.10.j Alle skoolreëls asook die gedragskode is van toepassing op beide leerders en besoekers wat leerders na enige skoolfunksie vergesel.

### 3. Skooldrag

Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees en leerders moet dit met trots dra.

**DOGTERS GR 8–11**
**• Somersdrag (1 Januarie–30 April; 1 September–31 Desember)**

- Groen geruite skoolrok sonder belt
- Swart V-nek-skooltrui
- Wit sokkies (afgerol)
- Swart skoolskoene
- Swart oortrektrui

**• Winterdrag (1 Mei–31 Augustus)**
- Wit langmouhemp met skooldas
- Swart romp/Swart langbroek/swart kouse
- Swart V-nek-skooltrui / Swart skool "hoodie"
- Swart kouse en swart skoolskoene
- Swart kleurbaadjie
- Swart oortrektrui
- Swart skool winter baadjie

**SEUNS GR 8–11**

- **Somerdrag (1 Januarie–30 April; 1 September–31 Desember)**
- Grys kort- of langbroek met swart belt
- Wit kortmouhemp of wit langmouhemp met skooldas
- Grys skoolkouse
- Swart skoolskoene
- Swart V-nek-skooltrui
- Swart oortrektrui

- **Wintersdrag (1 Mei–31 Augustus)**
- Grys langbroek met swart belt
- Wit langmouhemp met skooldas
- Grys skoolkouse
- Swart skoolskoene
- Swart V-nek-skooltrui / Swart skool "hoodie"
- Swart kleurbaadjie
- Swart oortrektrui
- Swart skool winter baadjie

**Graad 12-drag**

**• DOGTERS**

**Somersdrag**
- Swart rompie volgens voorskrifte met matriekdas
- Wit langmouhemp met matriekdas
- Wit "bobby socks"

Parafeer: ________________

- Swart skoolskoene
- Wit matriektrui / skoolbaadjie / matriekbaadjie
- Swart oortrektrui

**Wintersdrag**

- Swart rompie volgens voorskrifte met matriekdas of
- Swart langbroek
- Wit langmouhemp met matriekdas
- Swart sykouse / swart kouse
- Swart skoolskoene
- Wit matriektrui / skoolbaadjie / matriekbaadjie / skool “hoodie”
- Swart oortrektrui

- **SEUNS**

- Swart langbroek (nie jeans)
- Swart kouse
- Swart skoolskoene
- Wit langmouhemp met matriekdas
- Wit matriektrui
- Swart oortrektrui / Skool “hoodie”

**Kleredrag:**

a. Uitgaandrag – bestaande wintersdrag
b. Sportbyeenkomste – voorgeskrewe sportdrag
c. Slegs skoolpet, visor of skoolbeanie is toelaatbaar

**3.1 Algemene voorkoms**

3.1.a “Body piercing” insluitend tong ringe, word nie toegelaat nie. Dit sluit ook tandversierings en neusringe in.
3.1.b Geen gekleurde kontaklense word toegelaat nie.
3.1.c Tatoeërmerke mag nie sigbaar wees nie.
3.1.d Skoene moet skoon en kouse opgetrek wees. Slegs skoolskoene word toegelaat.
3.1.e Geen armbande, kettings, hangertjies en ringe mag gedra word nie. Sulke items sal geskut word.
3.1.f Skooltruie mag nie verrek en/of uitgepluis word nie.
3.1.g Dit is verkieslik dat dogters, wanneer hulle met sportdrag op straat verskyn, ten minste ‘n sweetpakbroek sal aanhê.
3.1.h Kleredrag moet te alle tye welvoeglik wees.

## 3.2 Haarstyle

### 3.2.1 Dogters

Hare moet ‘n algemene netjiese indruk skep. Dit behels dat lang hare (d.w.s. hare wat oor die kraag hang) met swart of wit linte of rekkies vasgemaak moet word (maksimum breedte van haarlinte 2,5 cm). Die skool hou hom die reg voor om te besluit wat netjies is. Kuiwe mag nie oor die wenkbroue hang nie, anders moet dit teruggebind word.

3.2.1.a Permanente golwings word toegelaat, maar die voorkoms moet versorg voorkom.
3.2.1.b Vasgebinde hare moet ook die nekhare insluit.
3.2.1.c Nie meer as twee bokstertjies is toelaatbaar nie.
3.2.1.d Slegs wit, swart, groen of geel haarknippies mag gebruik word. Geen neon kleure is toelaatbaar nie.
3.2.1.e “Afro’s” mag nie meer as 5 cm wees nie.
3.2.1.f Enige haarstyl wat buitengewoon hoog is en sodoende 'n medeleerder verhoed om ‘n onderwyser te sien of om op die bord te kan sien, word verbied.
3.2.1.g Bollas mag slegs so groot soos ‘n vuis wees.
3.2.1.h Natuurlike “highlights” wat by die haarkleur van die leerder pas, word toegelaat. Hare wat gekleur word, moet die natuurlike haarkleur wees. Onnatuurlike haarkleur word nie toegelaat nie. Hare met twee verskillende kleure ("two-tone”) word nie toegelaat nie.
3.2.1.i “Dreads/Plaits word toegelaat so lank dit dun en teen die kopvel gevleg is.
3.2.1.j “Duck tails” nie toelaatbaar.
3.2.1.k Slegs tien silwer of houtkrale in hare is toelaatbaar.
3.2.1.l ‘n Polshorlosie en een paar oorkrabbetjies word toegelaat en enige ander tipe juwele sal geskut word. D.w.s. geen seëlringe, hangertjies of kettings word toegelaat nie. Oorkrabbetjies word alleenlik in die onderste gaatjie van die oor toegelaat.
3.2.1.m Ringetjies moet die klein tipe wees en oorkrabbetjies mag slegs goud of silwer wees. Kleurlose steentjies is toelaatbaar. Klein wit pêrel-oorkrabbetjies is toelaatbaar.
3.2.1.n Naels moet kort en skoon wees. Slegs kleurlose naellak mag aangewend word.
3.2.1.o Geen grimering by skool- of sportdrag nie.
3.2.1.p Graad 12-dogters mag ‘n kort Franse manikuur op hulle naels dra.

### 3.2.2 Seuns

Die tradisionele reël by hoërskole is dat seuns se hare KORT en NETJIES moet wees. Geen afwykende haarstyle is aanvaarbaar nie. Die skool hou hom die reg voor om te besluit wat kort en wat netjies is. Oor die algemeen geld die volgende:

Hare moet skoon, netjies en gekam wees.
3.2.2.a Seuns se algemene voorkom moet versorg voorkom.
3.2.2.b Hare mag nie laer as ‘n vingerbreedte bokant die wenkbroue hang as dit vorentoe gekam word nie.
3.2.2.c Wanneer die kop regop gehou word, mag die nekhare nie nader as ‘n vingerbreedte bokant die kraag hang nie.
3.2.2.d Wanneer hare regaf gekam word, mag dit nie oor die ore hang nie.

3.2.2.e Hare mag nie gevleg of in “dreadlocks” wees nie. Geen gesnyde patrone word toegelaat nie.
3.2.2.f Wangbaarde ('Sidewhiskers') mag nie laer as die middel van die oor wees nie en mag nie krul as gevolg van die lengte daarvan nie.
3.2.2.g Hare mag nie gekleur word nie; slegs natuurlike “highlights” wat by die oorspronklike haarkleur van die leerder pas, is toelaatbaar. Geen twee-kleur is toelaatbaar nie.
3.2.2.h Geen onnatuurlike “step” of “undercut” word toegelaat nie.
3.2.2.i Skeer gereeld.
3.2.2.j Geen baard/snor word toegelaat nie.

## 4. Reëls vir eksamens en toetse

4.a Voorkoms en gedragskode bly onveranderd.
4.b Geen leerder mag, gedurende toetse en eksamens, in besit wees van notas, deurskynende potloodkassies, sakkies vir sakrekenaars, boeke of selfone nie.
4.c Leerders mag nie badkamer toe gaan gedurende toetse of eksamensessies nie.
4.d Geen kommunkasie (verbaal of nie-verbaal) word toegelaat nie.
4.e Alle leerders moet in die lokaal bly.
4.f Indien ‘n leerder ‘n vraestel mis a.g.v. siekte, moet die leerder op sy/haar eerste skooldag terug, ‘n mediese sertifikaat aan die vakonderwyser toon en daarna by die kantoor inhandig.
4.g Leerders moet hulle eie skoolbehoeftes en sakrekenaars verskaf en mag dit nie tydens die eksamen by ander leerders leen nie.

## 5. Elektroniese media

5.a Selfone en musiek toestelle, oorfone en enige ander elektroniese media/toestelle moet afgeskakel en buite sig wees gedurende skoolure.
5.b Enige toestelle wat gebruik word om oortredings te begaan, sal gekonfiskeer word.
5.c Gekonfiskeerde toestelle kan SLEGS DEUR DIE OUER afgehaal word nadat ’n boete van R100 by die finansiële kantoor betaal is.

## 6. Dissipline

6.1.1 Wat is dissipline?

Die woord dissipline en dissipel het ontstaan vanuit die Latynse woord “discere” wat beteken “om te leer”. Daarom beteken dissipline om te lei of om te leer. Om iemand te dissiplineer beteken dus om te onderrig/groot te maak. Dissipline word op ‘n jong ouderdom reeds toegepas om aanvaarbare gedrag aan te moedig en om ongewenste gedrag positief te verander. Dissipline kan dus gesien word as gids om jong mense te lei tot volwassenheid. Sanksies of strawwe is ‘n tydelike deel van dissipline. ‘n Dissiplinêre stelsel word geinkorporeer met insette van die skool asook die gemeenskap. Ten einde ‘n dissiplinêre stelsel toe te laat om leerders positief te beïnvloed, moet ‘n gesonde en ordelike skoolomgewing geskep word waar onderrig en onderwys effektief kan plaasvind. Die fokus moet altyd op positiewe leiding en dissipline wees. Die dissiplinêre stelsel moet nooit baseer word op straf nie, maar eerder op konstruktiewe leerpatrone waardeur leerders geleer kan word om verantwoordelikheid vir hul aksies te neem.

6.1.2 Gedragskode vir leerders

Die Suid-Afrikaanse Skolewet skryf voor dat die Skoolbeheerliggaam – in noue samewerking met ouers, onderwysers en leerders – 'n gedragskode saamstel/opstel. Hierdie kode moet te alle tye binne die wet handel. Die wet bepaal dat 'n leerder te alle tye aan 'n gedragskode verantwoording moet doen of optree.

6.2 Individue se regte en verantwoordelikhede

Die onderwyswet stipuleer die volgende:

i. Die leerder

Elke leerder het die reg tot onderrig tot en met Graad 9 of tot op die ouderdom van 15 jaar.
Elke landsburger het die reg tot vryheid van spraak en uitdrukking binne perke van die Konstitusie van die RSA.

Leerders het die reg tot die privaatheid van besitreg behalwe in die geval waar personeel vermoed dat die voorwerp/e nie toelaatbaar is op die skoolterrein nie.

ii Die Onderwyser

As gevolg van die onderwyser se posisie het hy/sy te alle tye die reg tot respek. Dit is die reg van die onderwyser om sy/haar pligte uit te voer in 'n omgewing waar dissipline toegepas word. Leerders mag nie die onderrigtyd van 'n onderwyser onderbreek of misbruik nie. Onderwysers mag enige leerder tereg wys wat nie die skoolreëls nakom nie. Onderwysers het die reg op besitreg van 'n privaat voorwerp. Geen leerder of ouer het die reg om in te meng met die onderwyser se professionele terrein nie. Die onderwyser het die reg op vryheid van spraak en uitdrukking.

iii Die ouer/voog en onderwyser

Dit is die verantwoordelikheid van die ouer/voog en onderwyser om te verseker dat skoolreëls ten volle verstaan word. Leerders moet ook gelei word om die gevolge van hul oortredings ten volle te begryp.

iv Kategorieë van oortredings

Sekere oortredings is minder ernstig as andere en strawwe sal verskil. Om onderskeid te vergemaklik, maar ook om aan die minimum direktiewe van die Departement te voldoen, word oortredings in die volgende kategorieë verdeel (van minder ernstig na meer ernstige oortredings)

Enige oortredings van die landswette, terwyl 'n leerder in Die Hoërskool Ladybrand se skooldrag is, of terwyl 'n leerder betrokke is in 'n skoolverwante aktiwiteit, sal beskou word as 'n oortreding van skoolreëls.

v. Die strafstelsel

1. Dissipline en die toepassing daarvan word beskou as ‘n ondersteuningspilaar vir onderwys. Die kern daarvan is die belange van die skool, gemeenskap en individuele leerders.
2. Deur die implementering van ‘n puntestelsel word wangedrag en ander probleme vroegtydig opgemerk waarna die aanmoediging van die korrekte gedrag geïmplementeer kan word.
3. Sanksies kan slegs deur onderwysers en die skoolhoof opgelê word.
4. Rekords van oortreding en sanksies toegeken, moet bewaar word.
5. Indien nodig, mag die volgende gedoen word:
   a. Oortreders mag na die adjunkhoof verwys word.
   b. Ouers kan gekontak word en met behulp of advies van die ouers kan ‘n aksieplan opgestel word.
   c. Detensie kan gegee word.
   d. Die oortreder se saak kan verwys word na die SBL vir intervensie.
   e. Oortreder kan tydelik geskors word.
   f. Permanente skorsing.

Hierdie strafstelsel word gesien as ‘n positiewe-onderrigelement in die skoolgemeenskap wat die beste belange van leerders op die hart dra.

vi. Detensiestelsel

1. Prosedures

   a. Oortredings van vlak 1 en 2 mag detensie wees. Rekord word gehou van alle oortredings en detensies. (formatering)

2. Praktyk

   a. Detensiesessies sal plaasvind op Vrydagmiddag vanaf 12:00 tot 15:00. Leerders word persoonlik ingelig oor detensiesessies. Kennisgewings word ook op alle kennisgewingborde geplaas.
   b. Leerders sal gebruikmaak van detensiesessies deur huiswerk of straftake te doen. Daar sal te alle tye ‘n toesigonderwyser teenwoordig wees.
   c. Wangedrag gedurende ‘n detensiesessie sal lei tot ‘n nuwe detensie die volgende week. Herhaaldelike wangedrag, sal tot ‘n interne verhoor vir die betrokke leerder lei. Herhaaldelike wangedrag gedurende detensies sal beskou word as ‘n algehele verontagsaming van die skool se dissiplinêre stelsel.

- Leerders wat ander se tasse en sportsakke wegsteek en op ander plekke of in ander klasse neersit, maak hulle skuldig aan ‘n baie ernstige oortreding. Stappe sal geneem word teen so ‘n leerder.
- Rook/Vaping/Fuze of drankgebruik in skooldrag en op die skoolterrein, tydens buitemuurse aktiwiteite of in die openbaar is streng verbode.

- Leerders word ook verbied om tydens skoolure of tydens buitemuurse aktiwiteite in besit van sigarette te wees. Drankgebruik, dwelmmisbruik, diefstal van enige aard en dade van vandalisme te enige tyd, ook buite skoolure, word verbied en is ernstige oortredings. Oneerlikheid in skoolwerk, toetse en eksamen is ‘n ernstige oortreding.

**Die dissiplinêre sisteem met die vlak wat gekoppel is aan die oortreding, is aangeheg.**

**DIE SKOOL BEHOU DIE REG VOOR OM ENIGE VAN DIE ReëLS SOOS NODIG AAN TE PAS EN TE VERANDER.**

**SODRA ‘N LEERDER BY LHS INGESKRYF IS AANVAAR HY/SY DIE GEDRAGSKODE EN ONDERNEEM OM ALLE ReëLS NA TE KOM. OUERS VAN LEERDERS WAT BY LHS INGESKRYF IS, AANVAAR DIE GEDRAGSKODE EN ONDERNEEM OM TOE TE SIEN DAT HUL KINDERS DIE GEDRAGSKODE NAKOM.**

Handtekening: ________________________ Date: ______________